MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd

KWARTAAL 2 2022

# NUUSBRIEF





## BEMAGTIGING VAN JONG VROUE IN BESIGHEID **OORSKRY DOELWITTE!**

Hierdie program, wat in 2021 bekend gestel is met die primêre doelwit om 100 jong vroue in die Sol Plaatje- en Dikgatlong- plaaslike munisipaliteite met nakomingstoerusting vir nuwe besighede te help, het sy aanvanklike doelwit met 5% oorskry.

Ná hierdie sukses word 'n tweede inname binnekort bekend gestel. Ons moedig jong aspirantvroue-entrepreneurs wat aan die kriteria voldoen om ons webwerf te besoek om te registreer vir die 2022-program, wat in die derde kwartaal van hierdie jaar sal begin.

- matlaabokonesolar.co.za/applications

"Ek is opgewonde om met hierdie reis te begin. Ek het nou 'n spysenieringsbesigheid wat aan alle vereistes voldoen en sien daarna uit om gesondheids- en veiligheidsinspekteurs by my klein houer te ontvang." **Brumilda Jass, Eienaar: Something Sassy.**

"Ek sien uit na groter geleenthede, aangesien ek nou 'n geregistreerde besigheid het wat aan alle vereistes voldoen. Ek sien veral daarna uit om vir my KBOR-gradering aansoek te doen." **Evelyn September, eienaar: Nurture Stellworks and Constructions.**






## TERUG **SKOOL TOE**

1 000 graad 1-leerders het as deel van ons Terug Skool Toe-inisiatief skoolsakke ontvang. Dit is daarop gemik om selfvertroue te verbeter en tot 'n gelukkige begin in die "groot skool" by te dra.

Die ontvangs van 'n "verrassingskoolsak" van Matla A Bokone Solar is iets wat hierdie kinders altyd sal onthou – dit is dalk 'n klein item, maar dit is 'n belangrike deel van 'n kind se skoolervaring en ondersteun hulle waardigheid.

Ons bedank ons sleutelbelanghebber, die Departement van Onderwys, dat hulle hierdie behoefte onder die leerders geïdentifiseer en ons daarvan bewus gemaak het.

## JEUGVAARDIGHEDE – **LOOPBAANVOORLIGTING EN LEIERSKAPSONTWIKKELING**

Die tweede fase van ons loopbaanvoorligting- en leierskapsontwikkelingsprogram is in die afgelope kwartaal (K2/2022) suksesvol geïmplementeer en het op graad 9-leerders in ons ses begunstigde hoërskole gefokus.

Deelnemende leerders is betrek en geassesseer deur 'n aantal modules wat ontwerp is om selfkennis te verbeter en beter lewens- en toekomstige loopbaankeuses aan te moedig. Die modules wat gedek is, het ingesluit: ken jouself; vak- teenoor loopbaankeuses, en reiskartering.

Ná hierdie interaksies en opleidingsintervensies was dit bemoedigend dat assesserings getoon het dat die program beduidende verbeterings opgelewer het ten opsigte van nuwe kennis wat verwerf is.

Leerders is voorts opgelei en geassesseer ten opsigte van modules wat op persoonlike sterk punte, selfbewussyn, produktiwiteit teenoor konsekwentheid, stokperdjies, vaardighede, beplanningsvaardighede, leerderskappe en werkskadu betrekking het.

Skole wat by die waardevolle leerderprogram betrokke is, sluit in: Thabane Hoërskool; Roodepan Hoërskool; Floors Hoërskool; Emmanuel Hoërskool, Vuyolwethu Hoërskool; en Emang Mmogo Comprehensive School.





## ONDERNEMINGSONTWIKKELINGS-PROGRAM: **HALLO NUWE SIKLUS**

Ons 2022/2023-ondernemingsontwikkelingsprogram sal in die komende kwartaal afgesluit word. Hierdie afsluiting sal plaasvind met 'n gradeplegtigheid ter ere van die toegewyde deelnemers wat hulle NQ4 vlak 4-SETA-geakkrediteerde Ondernemingsbestuursertifikaat voltooi het. Dit is egter nie nodig om mismoedig te raak nie, want die nuwe siklus van die 2022/2023-ondernemingsontwikkelingsprogram word reeds sedert K2/2022 geïnisieer en beplan, en is geskeduleer om in K3/2022 te begin.

## 2022 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word.

## BESTEDING AAN EKONOMIESE ONTWIKKELING **KWARTAAL 2/2022**

- Ondernemingsontwikkeling
- Harte en Denke
- Armoedekollig
- Vroeëkinderjare-Ontwikkeling
- Mobiele Kliniek
- Jeugvaardigheidsontwikkeling




Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**
Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

**Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com